# Tafelberg Extreme 2021

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Verskeie | **DATUM:** | 27 Maart 2021 |

**KOMMENTAAR**

Lekker vroeg die oggend om 6 uur kom 6 van ons bymekaar by Cecilia Forest se parkeer area. Ons handel die administrasie af en pak die paadjie in die donker aan. Ons mik eerste vir Cecilia waterval voordat ons aan die voet van die Cecilia Ridge roete 'n goeie ontbyt geniet. Daarna klouter ons Cecilia Ridge uit tot waar ons op die jeeptrack uitkom naby die Overseers Cottage. Ons swenk uit na die Smuts track voordat ons in Ash Valley opstap in die rigting van die damme. Ons stap oor die damwal en soek die Valley of Isolation roete op. Ons stap oor tot in Echo valley voordat ons links draai en mik vir die lere wat ons gaan neem tot op die voorste tafel. Na al die klim kies ons die paadjie na die kabelkarretjie waar ons almal 'n ietsie te drink of ete geniet. Dit is bibber koud en 'n koppie koffie gaan lekker af. Hierna kies ons rigting na Maclears Beacon, die hoogste punt op Tafelberg, waar ons dan middagete geniet. Ons salk dan weer met die Smuts Track af tot ons by Skeleton gorge aankom. Ons stap af met die kloof, terwyl ons versigtig is vir die nattigheid om nie te gly nie. Terug op die kontoer kies ons die paadjie terug tot by die parkeer area waar ons huistoe verkas. 'n Uitmuntende 24km stap oor 10 ure wat almal se fiksheid beproef het.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Werner Dalziel | 2021024 | R 5 | 24 | |
| Delfie Issel | 2021016 | R 5 | 24 | |
| Waldemar Smuts | 2021034 | R 5 | 24 | |
| Beulagh Keulder | 2021005 | R 5 | 10 | Nie hele roete |
| Cairistine | n/a | R 10 | 24 | |
| Tatenda | n/a | R 10 | 24 | |
| | | | | |
| **TOTALE:** | | **R 40** | **130** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Nie geneem |
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Werner Dalziel |